## Hoofstuk II.

### Historiese oorsig en ontwikkeling van die leerplan van Kaaplandse Skoolplase.

In Kaapland kry ons te doen met twee aparte groepe skoolplase. Elke groep toon 'n eie ontwikkelingsgang. Ons het die drie skoolplase wat as gewone laerskole bestaan het en dan Seodin, wat as laerskool en hoërskool, d.w.s., van die sub-standerds tot matriek, die skoolplaas-idee uitgebou het. Die ontwikkeling van die leerplan by die twee groepe was dan ook heeltemal verskillend.

1. Die Laerskole:

Die stigting van die skoolplase van Kaapland het, soos ons reeds gesien het, heeltemal berus by die persoonlike inisiatief van die onderskeie hoofde.[1] Elkeen wou sy skoolplaas uitbou om sig te leen aan die behoeftes van sy omgewing, en hoewel in sommige opsigte te idealisties het die skoolplase 'n belangrike rol gespeel en 'n grootse aandeel aan die ontwikkeling van daardie omgewing gehad. Dit is dan ook byna vanselfsprekend dat ons iets van hierdie pionierswerk in die leerplan sal vind. Almal het dan ook sonder uitsondering van die begin af, afgewyk van die voorgeskrewe leerplan en het dadelik meer aandag aan die praktiese sy van die onderwys gegee. Hulle wou hê dat die kind moes deelneem aan die werklike lewe soos hy dit buite die skool ondervind.

Op Dikopping[2] is die buite-aktiwiteite uitgebrei en is die hele program van die skool so georganiseer dat die leerlinge daagliks besig sou wees met die probleme van die werklike lewe, deur hulle eie tuine aan te lê.

---

1. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 340.
2. Ibid., 336.

Aan die meisies is huishoudkunde en naaldwerk gegee en kon hulle die teorie in die praktyk toepas deur daadwerklik deel te neem aan die huishouding van die skool. Natuurkennis is sodoende vervang deur Landbou vir die seuns en huishoudkunde vir die meisies.

Die Onderwysoutoriteite het egter nie genoeë geneem met hierdie veranderinge in die leerplan nie. „Our disappointment was great, however, when at the annual inspection the Inspector of Schools was not at all interested in our outdoor activities. He inspected only what he expected, viz. the work of the prescribed syllabus - (something apart from ordinary living) - and nothing more.[1)]"

Aangesien die Inspekteur van Onderwys en daarom ook die Departement van Onderwys verwag het dat streng volgens die voorgeskrewe leerplan gehandel moes word, het die prinsipaal van Dikepping tydelik bedank en gaan boer.

Dit was ook die ondervinding van die prinsipale van Winton en Gazip. Gevolglik kry ons dan dat voortaan die voorgeskrewe leerplan streng en slaafs gevolg is, net soos by die ander laerskole in Kaapland - die skoolplase volg dus nou ook dieselfde leerplan as byvoorbeeld die dorpskole. Die volgende vakke is vir die leerplan van die laerskole voorgeskryf t.w. Bybelgeskiedenis, Afrikaans, Engels, Rekenkunde, geskiedenis, aardrykskunde, natuurskennis, gesondheidsleer, sang, naaldwerk vir meisies en tekenwerk vir seuns.

Nadat die prinsipale besef het dat hulle van die tradisionele leerplan nie mag afwyk nie, het hulle alle

---

1. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society 336.
   Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman, 109.

middels ter hand geneem om die onderwyshoofde tot ander insigte te bring maar kon nie daarin slaag nie. Daar was dus net een uitweg en dit was om die verskillende vakke van die leerplan so in te klee dat dit die belangstelling van die kind sal wek en terselfdertyd sou inpas by die eise van die omgewing. Wat gedurende die skoolure in natuurkennis geleer is, kon na skool die middag by die proefpersele in die praktyk uitgetoets word en sodoende het dit vir die kind 'n ander betekenis gekry. Die kinders het ook geleer om met die probleme wat hulle voordoen in die tuine na die skool te kom en daar vir 'n oplossing te soek, hetsy by die onderwyser, of in die biblioteek waar die leerling self gegewens kon naslaan.

Mnr. H.J.H. Vermeulen[1], die stigter van die Winton-skoolplaas het dan ook gevind dat dit moontlik is op die skoolplaas om die aktiwiteite in die kind se omgewing as uitgangspunt in die onderwys te gebruik.

Wat die eerste Landstaal betref kon die taalverskynsels, spreekoefeninge, opstelle ensovoorts, verbind word met die praktiese ondervindinge van die kind. Dit het aan die taalonderrig op die skoolplase geestelike inhoud en realiteit gegee.

Die daaglikse aktiwiteite op die skoolplase het ook 'n pragtige samehangende geheel gevorm waarop mondelinge taalwerk, veral in die tweede taal, baseer kon word. Opstelle is byvoorbeeld uitgewerk oor konkrete dinge uit die daaglikse roetine van die skoolplaas soos byvoorbeeld die versorging van pluimvee, beesboerdery, ens.

Die probleme in die rekenkundeklas het nou plek gemaak vir praktiese probleme uit die ervaring van die

---

1. Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman, 116.

kind. Hy wou byvoorbeeld die pryse van sy produkte of die oppervlakte van sy perseel bepaal en in die klaskamer is dit die aanknopingspunt om ander probleme ook aan te pak. Wins en verlies, persentasie, fakture, e.d.m. was dan ook praktiese probleme vir die skoolplaaskind.

Dit was egter veral die leergang vir natuurkennis wat ryklik op die skoolplaas aangevul is. Ons kan hier 'n praktiese voorbeeld noem.[1)] Die toets vir die bottervetgehalte van melk was vir een seun heeltemal onverstaanbaar totdat hy wou uitvind wat die bottervetgehalte van die melk van sy eie koei is. Toe het hy die toets in 'n ander gees benader en het self die toets uitgevoer en dit verstaan.

Dit is dan ook herhaalde kere bewys dat die leerlinge hulle kennis meegeneem het na hulle ouers. Positiewe proewe wat by die skoolplase uitgevoer is, is binne afsienbare tyd op die plase rondom toegepas.

Die drie skoolplase het hulle ook daarin onderskei dat hulle uitsluitlik van die landbou-klubstelsel gebruik gemaak het.[2)] Sodoende het die kinders 'n kans gekry vir gesonde kompetisie wat die belangstelling geprikkel het en terselfdertyd ook sy opvoedkundige waarde gehad het. Die skoolplaas was vir hulle 'n gemeenskap in die klein waar behalwe die plaasbedrywighede ook 'n haarkapper en skoenemaker gevind ~~kon~~ word.

Deur die verskillende projekte in te skryf vir die Uniale-Landbouklubkompetisies, het van die leerlinge 'n kans gekry om self hulle produkte na uitstallings van landbou-unies te neem, waardeur hulle kennis baie uitge-

---

1. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 338.
2. Vermeulen : Die Skoolplase van Kuruman, 66-69.

brei is.

Die hoofde meen dan ook dat, hoewel hulle aan die tradisionele leerplan moes hou, het die werklike lewe daarbuite ruim vergoed het vir, die gebrek wat hulle in die leerplan meen te bespeur en het dit hulle kennis aangevul, verbreed en verdiep. Hulle gee dan ook die versekering dat dit 'n lus was om te sien hoe ywerig die kinders in hulle werk was en met hoeveel toegewydheid hulle die verskillende take verrig het.

2. Seodin:[1)]

Wat die ontwikkleing van die leerplan by Seodin, die enigste skoolplaas waar ons 'n duidelike ontwikkelingsgang kon naspeur, betref, kan ons dit in drie verskillende tydperke verdeel. Elke tydperk sluit ook 'n definitiewe ontwikkelingstyd in die groei van hierdie skoolplaas af.

(a) Die tydperk van Seodin as Laerskool:

Seodin was as laerskool gestig in 1920 met 'n kerkkoshuis volgens die koshuis-ordonnansie van 1917 van Sir Frederik de Waal. Arm kinders sou hier bymekaar gebring word om hulle skoolopleiding tot Standerd VI te ontvang. Die leerplan wat gevolg moes word was derhalwe dieselfde as in al die primere skole van Kaapland en die leergange het gladnie aangepas by die plattelandse kind nie. Soos die hoof dit self weergee[2)] moes die kinders die geskiedenis van hulle land en volk leer volgens die handboek deur Whiteside. Die rekenkunde het gehandel oor die onmoontlike breuke en vergelykings en samegestelde rente; sy aardrykskunde oor die berge, riviere en baaie van ander lande; en sy Engelse leesboek het gehandel oor

1. Kwarteeufees-Gedenkboek, 2 - 10.
2. Kwarteeufees-Gedenkboek van Seodin, 6.

sake en plekke waarvan hulle geen begrip gehad het nie Daar was dus vir die kind geen aanknopingspunt by die lewe wat hy buite die skool gewoond aan was nie. Die kind kon derhalwe ook nooit die kennis wat hy in die skool geleer het en die praktiese lewe in verband bring nie. Dit was vir hom twee apartstaande feite wat niks met mekaar te doen gehad het nie. As hy in die skool is gaan hy skool en as hy op die plaas besig is dan leef hy weer in 'n heeltemal ander sfeer.

Die leerplan was opgestel deur die onderwysers van dorpskole vir dorpskinders en is daar nie besef hoever die plaasskool van die lewe, waarvan die plaaskind kennis gedra het, gestaan het nie.

Hierdie leemte het Mnr. S.J. Botha die hoof van die skool, dadelik aangevoel.[1] Hy moes hierin 'n verandering bring want hy het alte duidelik gesien wat die behoeftes vir hierdie omgewing was. As gevolg van toestande wat gegrens het aan armoede, met baie boere op die punt om hulle gronde te verloor, moes hierdie kinders in die skool geleer word om in werk 'n eer te sien. Hulle moes geleer word om te lewe.

In hierdie omgewing was dit noodsaaklik dat die seun wat belang gestel het in boerdery, kennis sou kon opdoen van boerdery om hom opgewasse te maak teen die moeilike boerderytoestande en die ander voorberei sou kon word vir die professies. Die hoof het die noodsaaklikheid van praktiese vakke in die leerplan besef - vakke soos landbou in plaas van natuurstudie, houtwerk vir seuns en naaldwerk en huishoudkunde vir die meisies.

---

1. Meegedeel deur Mnr. Botha aan skrywer hiervan.

Om dit in die laerskool te kon bewerkstellig sou die nouste samewerking vereis het tussen die Provinsiale en Uniale Departemente van Onderwys omdat die laerskoolleerplan gladnie vir die praktiese vakke voorsiening gemaak het nie. Daar was wel 'n bietjie naaldwerk vir die dogters maar dit was baie elementêr en die bietjie houtwerk wat die seuns kon kry,het hulle belangstelling nie gaande gemaak nie.

Daar word dan aansoek gedoen om praktiese vakke soos praktiese landbou en tuinbou in te voeg in die leerplan. Dit sou die waarnemingsvermoë, vindingrykheid en weetgierigheid van die seun prikkel sodat hy kon uiting gee aan die ingebore bedrywige aard wat elke kind eie is en wat in die opvoeding so nuttig gebruik kan word.

Die samewerking tussen die twee betrokke Departemente kon egter nie verkry word nie en gevolglik moes hierdie planne laat vaar word wat die leerplan betref. Dit het egter nie belet dat in die middag voldoende tyd bestee word aan praktiese werk in die tuine nie. Sodoende kon die leerplan ruim aangevul word.

Hierdie toedrag van sake het voortgeduur deur die hele ontwikkelingstydperk van die laerafdeling by Seodin. Selfs vandag is dit in die laerskool maar nog die gewone leerplanne wat gevolg word. Daar is vir die skoolplaas op hierdie gebied geen uitsondering gemaak nie en die praktiese werk buiteskool staan heeltemal apart van die klaswerk.

(b) <u>Die tydperk 1925 tot 1933:</u>

In Julie 1925 is die status van Seodin verhoog tot 'n sekondere skool, maar dit het in 1927 eers in volle werking getree. Aangesien die hoërskool slegs as 'n gewone hoërskool deur die Onderwysdepartement erken is,

en daar geen erkenning van die skoolplaasgedagte was nie, was ook die hoërskool aangewys op die tradisionele leerplan. Gelukkig was die leerplan vir hoërskole taamlik wyd, sodat uit die groot aantal vakke tog 'n redelike leerplan vir die skoolplaas saamgestel kon word. Die vakke wat met die stigting van die hoërafdeling aangebied is, was dan die volgende:[1]

Standerds VII en VIII:

Afrikaans Hoër; Engels Laer; geskiedenis; Matesis of Duits; fisiologie en algemene wetenskap en landbou.

Standerds IX en X:

Afrikaans Hoër; Engels Laer, geskiedenis, Matesis of Duits soos reeds in Standerd VII deur die leerling gekies; Fisiologie of natuur- en skeikunde; landbou.

Dit is duidelik dat hier weinig verskil is van die leerplan van die gewone hoërskole behalwe vir die vakkeuse uit die leerplan voorgeskryf vir alle hoërskole.

Eerstens was die keuse tussen matesis en Duits van baie waarde vir die plattelandse kinders. Die wat nie te sterk was in rekenkunde nie, kon Duits die keuse maak, om sodoende nog van die hoërskoolloopbaan 'n sukses te maak. Dieselfde geld ook vir die keuse tussen fisiologie en natuur- en skeikunde in Standerds IX en X. Fisiologie was 'n baie meer praktiese vak en na die Standerd VIII eksamen kon die leerlinge dan sien in watter rigting hulle aanleg het. Die wat nie te veel van die moeilike skeikundige prosesse kon begryp nie, kon nogtans van die fisiologie 'n sukses maak.

---

1. Persoonlike Ondersoek.

Die belangrikste was egter in die tweede plek die invoeging van landbou in die leerplan want dit het die weg geopen tot praktiese landbou. Proefpersele is uitgemeet en proewe is gedoen met bemesting, saadkeuring, geskiktheid van gewasse ens. Daar is lewende hawe aangehou wat, behalwe vir hulle geldelike voordeel vir die inrigting, ook interessante feite aan die ongewing openbaar het.

Die praktiese landbou op Seodin het die Organiseerder van die Landbouklubs se belangstelling in die inrigting gaande gemaak.[1] Hy het gevolglik van sy kant alle moontlike hulp en aanmoediging verleen. Proewe met melkbeeste is gemaak veral die toediening van beenmeel tot die daaglikse rantsoen en hieruit het die omgewing veral veel gebaat. Die leerlinge het grassoorte, sade en gegewens omtrent die plantegroei versamel en die Departement van Landbou het die werksaamhede aangemoedig.

Ongelukkig kon die praktiese landbou weens gebrek aan fondse nie tot sy reg kom nie, aangesien van die Onderwysdepartement weinig hulp of aanmoediging hiervoor gekom het. Van alle kante het stemme opgegaan oor die voortreflike werk wat hier gedoen is en dit het selfs ingeslaan by die ander Provinsies, soos byvoorbeeld by Transvaal.

Die landbou van Seodin het egter vir die leerlinge baie beteken veral in hierdie bepaalde omgewing waar onder sulke moeilike omstandighede geboer moes word. Die kennis wat so opgedoen is, is uitgedra oor die hele distrik en dit het die waarnemingsvermoë van die leerlinge laat toeneem. Hulle het self begin soek na antwoorde en oplossings vir die verskillende probleme van

---

1. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 323.

die distrik en Seodin het die brandpunt geword van navorsing op landbou-gebied.

Die leerlinge kon ook nou voel dat hier immers een gebied was waar die lewe daarbuite en die in die klaskamer mekaar gevind het. Dit het aan hulle die vaste agtergrond, die hegte fondament gegee waarop hulle later kon bou en watter professie hulle ookal sou betree. Vir die leerlinge wat in boerdery 'n heenkome moes vind, het hierdie kursus die grondslag gevorm van hulle latere sukses.

In fisiologie het die meisies gevind, wat die seuns in landbou gehad het. Met hulle, kon hulle kennis van tuisverpleging en eerstehulp meeneem na verafgeleë plaaswonings.

In sy geheel beskou moet ons erken dat die leerplan van Seodin so saamgestel was dat dit aan die eise van die omgewing voldoen het, naamlik om die leerlinge so ver moontlik toe te rus sodat hulle die omgewing kon verlaat omdat daar vir hulle geen heenkome was nie. Dit word verder bewys deur die feit dat daar in die eerste 24 jaar van die skool se bestaan slegs 13 seuns uit 294 na aflegging van die matrikulasie-eksamen gaan boer het.[1] Die ander seuns, behalwe 94 wat verder studeer het aan universiteite en onderwyserskolleges, handelskole en landbouskole, is almal in werkkringe elders geplaas. Dieselfde geld ook vir die meisies, waar slegs 17 van die 253 gematrikuleerdes terug is na die plase.[2]

(c) Die leerplan na 1933:

Aan die begin van 1933 het die leerplan sy eerste verandering ondergaan en is meer vakke in die leerplan

---

1. Kwarteeufees-Gedenkboek van Seodin, 16.
2. Ibid., 17.

gevoeg. Die leerplan wat nou aangebied is was soos volg:[1)]

Standerds VII en VIII:

Afrikaans Hoër; Engels laer; geskiedenis; fisiologie en algemene wetenskap; matesis of Duits; landbou of huishoudkunde of boekhou en handelsrekene.

Standerds IX en X:

Afrikaans hoër; Engels laer; geskiedenis; fisiologie of natuur- en skeikunde; matesis of Duits; landbou of huishoudkunde of boekhou en handelsrekene.

Ons merk op dat die meisies nou 'n kans kry vir huishoudkunde terwyl die seuns kon voortgaan met landbou indien hulle dit verkies. Dit is duidelik dat met die samestelling van hierdie leerplan, daar 'n poging aangewend is om vakke by te kry wat vir die leerling van meer waarde sou wees in sy pogings om 'n betrekking te bekom; vandaar dat veral boekhou en handelsrekene ingevoeg is. Vir die meisies was die huishoudkundekursus ook baie werd.

In Februarie 1934 is 'n konferensie oor landelike onderwys in Kaapland deur die Minister van Onderwys geopen.[2)] Die Minister het daarop gewys dat die leerplanne 'n stadsgees ontwikkel omdat dit opgestel is met die oog op die behoeftes en omgewing van die stadskind. Hy meen 'n onvoldoende aanpassing van die oorspronklike stedelike onderwysstelsel by landelike behoeftes en omstandighede te bespeur. Van die kinders wat as boere 'n heenkome in landbou vind, het 58% nie Standerd VI nie.

1. Persoonlike ondersoek.
2. Verslag konferensie oor landelike Onderwys, 85.

Daar word op die Konferensie besluit dat algemene onderwys ,van watter soort ook al, die kind vir die volle lewe moet voorberei; maar die gebruik en misbruik van die uitdrukking kulturele onderwys het gelei tot diep-gewortelde wanvoorstellings. Kinders van landelike skole moet deur intelligente studie van hulle omgewing met 'n gees vervul word wat daartoe sal strek om meer belang-stelling in die landelike lewe by hulle te wek en liefde vir die plaaslewe te versterk.

Hierdie konferensie het ook sy stempel gedruk op die leerplan van Seodin. Hoewel dit moeilik was om dadelik te verander is die leerplan tog geleidelik verander. Duits is dadelik vervang deur aardrykskunde en vir die meisies is ook nog naaldwerk ingevoeg.

In 1939 het die vakkeuse van Seodin 'n groot gedaante-verwisseling ondergaan en het die leerplan as volg daar uitgesien:-

Standards VII en VIII:

Afrikaans hoër; Engels laer; geskiedenis; matesis of naaldwerk of aardrykskunde; landbou of huishoud-kunde of boekhou en bedryfsleer; fisiologie en biologie vir meisies; algemene wetenskap en biologie vir seuns.

Standerds IX en X:

Afrikaans hoër; Engels laer; geskiedenis; matesis of aardrykskunde of boekhou en bedryfsleer; fisiologie of biologie vir meisies; natuur- en skeikunde of biologie vir seuns.

Hier was dit blykbaar nou die gedagte om soveel praktiese vakke as moontlik in die leerplan op te neem. Dit was in sommige opsigte egter noodlottig daar baie intelligente kinders hulle vakke so kon kies dat die

moontlikheid vir universiteitsopleiding heeltemal uitgesluit is, aangesien matesis of 'n derde taal 'n vereiste vir toelating tot die universiteit is.

Die leerplan het veral aan meisies wat dit nie verder as Standerd X wou bring nie, 'n ideale kans gegee om te matrikuleer en volgens die hoof kry hulle in hierdie leerplan alles wat hulle in die lewe nodig sal hê in die huishoudkunde, naaldwerk en fisiologie. Dit lyk of die leerplan vir meisies veral daarop gemik was om hulle voor te berei vir die plattelandse lewe as huisvrou en moeder.

In 1949 is die leerplan nogeens verander toe letterkunde as 'n aparte vak vir Standerds IX en X tot die leerplan toegevoeg is. Die keuse hier sou nou wees tussen letterkunde, landbou, huishoudkunde, boekhou en handelsrekene. Daar word ook nou musiek as 'n nie-eksamenvak bygevoeg. Die eienaardige van hierdie vak is dat die leerlinge in dié tye aangewys vir ander vakke tyd moes vind vir musiek.

Soos reeds gesê, is die leerplan van Seodin opgestel uit die aantal vakke van die leerplan vir die hele provinsie Kaap die Goeie Hoop, wat soos volg saamgestel is:

<u>Standerds VII - VIII - Junior Sertifikaat (26 vakke)</u>

Aardrykskunde, Afrikaans, biologie, boekhou en handelsrekene, Duits, Engels, Frans, gehooropleiding en teorie van musiek, geskiedenis, gesondheidsleer en fisiologie, Grieks, Hebreeus, houtwerk, instrumentale musiek, kookkuns, huishouding, was en stryk, landbou, Latyn, metaalwerk, naaldwerk, naturelle taal, natuur en skeikunde, Nederlands, rekenkunde, snelskrif-teorie en tikskrif, teken, wiskunde.

Standerds IX en X - Senior Sertifikaat (31 vakke)

Aardkunde, aardrykskunde, Afrikaans, biologie, boekhou en handelsrekene, dierkunde, Duits, Engels, fisiologie en gesondheidsleer, Frans, geskiedenis, Grieks, handearbeid, Hebreeus, kommersiële aardrykskunde en geskiedenis, kookkuns, huishouding, was en stryk, kuns, landboukunde, Latyn, letterkunde, musiek, naaldwerk, naturelle tale, natuurkunde, natuurleer (natuur en skeikunde) Nederlands, plantkunde, skeikunde, snel- en tikskrif, werktuigkunde, wiskunde.

Volgens die indeling vir hoërskole begin hulle by Standerd VII. Daar is ook geen uitsondering gemaak vir leerlinge wat na Standerd VIII die skool sou verlaat nie. Die jongste rigting van die Onderwysdepartement van Kaapland dui egter daarop dat hulle Standerd VI ook nou by die hoërskool wil plaas en 'n afgeronde kursus tot Standerd VIII gaan aanbied, met die volgende vakke in die leerplan wat in drie groepe verdeel is nl.:[1])

Groep I:

Godsdiensonderwys, liggaamsoefening, musiek (as skoolvak), Afrikaans, Engels, algemene wetenskap en algemene wiskunde.

Groep II:

Sosiale studies (aardrykskunde en geskiedenis), kuns, handwerk (houtwerk, landbou, boekbindery, kunsvlyt, naaldwerk en huishoudkunde).

Groep III:

Tweede vorm van handwerk, musiek (instrumentaal, skriftelik en gehoor) tikskrif of besigheidsmetodes en boekhou, Derde taal.

---

1. Onderwysgaset van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop Deel L. No.11, 743.

Hierdie leerplan sal Seodin dan ook tot Standerd VIII moet volg. Uit hierdie blyk dit nou dat die Kaaplandse Departement, Standerd VI van die laerskole af gaan verwyder en by die hoërskole gaan voeg waar hulle dan tot Standerd VIII veral algemene onderwys gaan ontvang. Seodin dan, sal hiervolgens ook sy leerplan in die nabye toekoms moet wysig om aan hierdie beleid uitvoering te gee.